HOËRSKOOL ALBERTON

TAALBELEID : 2016

AGTERGROND

1. HOËRSKOOL ALBERTON ("die skool") is in 1948 gestig.

2. Sedert bovermelde datum bedien die skool hoofsaaklik die Afrikaanse huistaalsprekende gemeenskap van Alberton en omgewing. Leerders aan die skool se moedertaal is gevolglik oorwegend Afrikaans.

3. Die skool was altyd oop en toeganklik vir alle leerders en sedert 1994, in besonder, is die skool vir leerders van alle rasse en bevolkingsgroepe toeganklik en word daar gevolglik in die skool se toelatingsbeleid op geen wyse hoegenaamd teen enige leerder wat begerig is om hom- of haarself by hierdie skool in te skryf, gediskrimineer nie.

4. Die skool is aanvanklik ontwerp om 850 leerders te huisves, maar vir ‘n langer tydperk akkommodeer die skool jaarliks reeds ongeveer 900 – 1000 leerders. Die skool se fisiese fasiliteite en infrakstruktuur word gedurende normale skoolure en ook deurlopend buite normale skoolure (tot laat in die aand) volledig benut.

5. In sowel die voedingsgebied as binne die onmiddellike geografiese bereikbaarheid van die skool bestaan daar verskeie ander sekondêre skole wat uitsluitlik in die taalbehoeftes van leerders wie se moedertaal nie Afrikaans is nie, voorsien.

6. Daar was tot op datum by HOËRSKOOL ALBERTON nog geen leerder of voornemende leerder wat op onderrig deur medium van enige ander taal as Afrikaans Huistaal aanspraak gemaak het nie.

7. Sedert sy stigting in 1948 word onderrig aan die skool deur medium van Afrikaans Huistaal aangebied.

8. Die skool bied binne die leerarea van Taal, Geletterdheid en Kommunikasie 'n verskeidenheid taalvakke aan, waaronder Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal. Die skool het egter 'n trotse rekord van hoogstaande akademiese prestasie én spesialisasie in veral twee van die amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika, te wete Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal.

9. Akademies professionele personeellede wat aan die skool verbonde is, is uitsluitlik in Afrikaans opgelei en is daarom by uitnemendheid behoorlik gekwalifiseer en bevoeg om hulle tegniese en vaktaalkundigheid deur medium van Afrikaans Huistaal aan leerders te ontsluit.

10. Die akademies professionele personeellede aan die skool dra, vanweë die provinsiale onderwysowerheid in Gauteng se personeelrasionalisasieprogram van die afgelope meer as sewe jaar, 'n buitengewoon swaar formele onderriglas en hulle het gevolglik geen addisionele tyd beskikbaar om leergeleenthede in ander amptelike tale te vertaal, óf om addisionele leergeleenthede in ander (amptelike) tale aan te bied nie.

11. Daar bestaan afdoende wetenskaplike bewys dat dit opvoedkundig in alle opsigte verantwoordbaar én verkieslik is dat moedertaalonderrig aan leerders verskaf word.

BELEID

1. Die doel van hierdie taalbeleid is die beskerming, bevordering en uitbreiding van die individu se taalregte binne die taalverskeidenheid van ons land.

   In die lig van die voorgaande en met volle inagneming van die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, die Gauteng Skolewet van 1995 en enige ander regulasies wat kragtens die voormelde wette afgekondig mag wees, is dit die verklaarde en uitdruklike beleid van hierdie skool dat HOËRSKOOL ALBERTON ‘n enkelmedium skool is wat in en deur medium van Afrikaans Huistaal aan sy ingeskrewe leerders onderrig verskaf. In ‘n poging om veeltaligheid te bevorder, word daar ook ander tale as volwaardige vakke aangebied.

   By HOËRSKOOL ALBERTON oefen die ouers hulle minderjarige leerders se taalregte namens hulle uit. By hierdie skool sal die ouers namens hulle leerders skriftelik die keuse uitoefen om deur medium van Afrikaans Huistaal onderrig te word en so ‘n behoorlik ondertekende onderneming sal bindend wees. Nie die ouer óf leerder sal ná toelating kan eis dat die skool in ‘n ander taal as wat reeds in die skool vir dié doel gebruik word, onderrig moet aanbied nie.

_____	_____
MNR H J SCHOEMAN	MNR C BOTHA
HOOF	BEHEERLIGGAAMVOORSITTER